# KOERSVAS

Jaargang 12 Uitgawe 233
13 Desember 2024

Koersvas is die mondstuk van die GHG. Standpunte in die *Redaksioneel* is nie noodwendig die standpunt van die GHG nie. Redakteur: Dr Johan Otto

**In hierdie uitgawe:**

**Redaksioneel: Afspraak en Bestelling**
**Berigte: Lewensbrood 2025**
**Hofsaak: Feitelike gegewens**
**Hofsaak: Regsrekening**
**Kennisgewings**

## REDAKSIONEEL

### Afspraak en Bestelling

Daar is 'n geslag van ons mense wat praat van bestellings wanneer hulle verwys na 'n ontmoetingsgeleentheid. Die jonger geslag praat van afsprake. Dit kan met dokter wees, die prokureur of net 'n vasgestelde gesprek met 'n spesifieke persoon op 'n vasgestelde tyd in 'n lokaal waaroor ooreengekom is. 'n Lang omskrywing om aan te dui dat bestelling en afspraak na dieselfde saak heenwys.

Ons taalgebruik verander oor tyd. Die esel van Bileam in Numeri 22:22 word die donkie wat praat. Dit is nie altyd duidelik waarom ons woordeskat verander nie. Sekere woorde word net met verloop van tyd argaïes geag. Soms is dit ons pogings tot vermeende ordentlikheid wat maak dat ons nuwe woorde gebruik; of dalk net die vrees om aanstoot te gee. So word die hoer van Jerigo, die prostituut wat saam met haar gesin gered word.

Taal is dinamies van aard, taalpatrone en woordeskat verander weens verskeie faktore. Dit is nie altyd voorspelbaar nie. Tog weet ons dat woorde se betekenisinhoud skuif en selfs verander. Die normale is dat 'n woord 'n redelik wye betekenisveld het. Met gebruik word daardie betekenisveld ingeperk.

Ons verhoudings word ook gekenmerk deur veranderings in perspektief en gevolglike taalgebruik. Daar is 'n merkbare ongemak by mense van alle ouderdomme om te praat van nooi en kêrel. Aanstaandes en verloofdes is ook 'n bedreigde spesie. Om te verwys na vriend en vriendin, selfs spesiale vriend is die perk van enige verhouding se woordeskat. Hoe jy kinders saam verwek en steeds praat van my vriendin gaan my verstand te bowe! Egbreuk en ontug is woorde wat saam met matroos-kruie-taal nie in goeie geselskap gebesig word nie. Daar is 'n hele vrolike gemeenskap wat net as vrolik (askies 'gay') tipeer word. Noem maar nie woorde uit 'n vorige era hier nie, ek wil nie nou al gekanselleer word nie.

Nuwe omstandighede en nuwe tegnologie speel 'n groot rol in die verbreding van ons woordeskat. Sekere woorde word net so oorgeneem. Anglisismes was op 'n stadium 'n teken van swakheid en selfs 'n taboe. Die snelle verandering in ons samelewing – veral wat tegnologie betref – maak dat ons sekere 'luukshede' nie kan bekostig nie; ons kan nie vinnig genoeg neologismes skep om 'n ingeligte gesprek te bly voer nie.

Bloutand vir '*bluetooth'* kan dalk nog werk. Tegnologie vernoem na 'n Viking is

net die oortjies van die ontwakende tegnologie-reus.
Filosofie en die kulturele verskuiwings bring ook eie uitdagings. Die Engelse voltooide verlede van wakker word (woke) het ‘n woord geword wat ‘n sekere stel kulturele waardes (dalk eerder gebrek daaraan) aandui. Die ‘woke’ benadering tot die lewe lok vele debatte uit. Binne hierdie denkrigting is daar soveel nuwe terme wat gebruik word dat dit haas onmoontlik is om dit alles in keurige Afrikaans om te skakel. Dalk is dit net sowel; hierdie kulturele storm rondom ‘woke’ is klaar besig om uit te woed en dit is gerade om nie hierdie skynbaar kortstondige morsige gedagte-gange in keurige Afrikaans te probeer verwoord nie.
Die ideaal kan nooit wees om te klink asof jy die WAT ingesluk het nie. Dit is tog ‘n voortreflike onderneming om diep teue uit die bronwel van ons soetste Afrikaans in te drink. Daar is navorsing wat die gedagte ondersteun dat ‘n meer uitgebreide woordeskat meer geleenthede skep om die wye spektrum van menswees uit te druk. Hoe meer woorde jy kan gebruik om ‘n besondere emosie te verwoord, hoe meer genuanseerd jou ervarings en hoe dieper die bronwel van menswees.
Inklusiwiteit is nog een van die moderne goggas wat aan duidelike taalgebruik en taalpatrone vreet. Kersfees is ook aan hierdie veranderende taalpatrone uitgelewer. Ons het beweeg van geseënde Christusfees, na vrolike en gelukkige Kersfees. Probleem is dat geseënd verwys na ‘n mens of situasie wat aan God gewy is. Dit sluit baie mense uit en “dit kan ons tog nie doen nie”.
In hierdie veranderende wêreld wil ons as redaksie dit nou waag om al ons lesers ‘n Geseënde Christusfees toe te bid. Ons het ‘n bestelling, ‘n afspraak met God se Seun wat vir ons mens geword het. Ons afspraak is met God, ons gaan aan Hom gewy hierdie bestelling nakom. Dr. J Otto

# BERIGTE

## LEWENSBROOD 2025

Lidmate en gemeentes moet kennis neem dat die eksemplare van Lewensbrood 2025 nou beskikbaar is en reeds versend is na baie gemeentes toe. Maak seker u kopie bereik u betyds. Ons dank aan die drukkers wat weer ‘n gehalteproduk gelewer het.

## HOFSAAK: FEITELIKE GEGEWENS

In die ideale bedeling is hierdie berig nie nodig nie. Die NHKA se bestuur en ampsdraers se gesindheid maak dit egter nodig om twee sake onder lesers se aandag te bring.
Teen die agtergrond van die meetbare agteruitgang van die NHKA, is hierdie situasie onbegryplik. Die nuutste voorbeeld van agteruitgang is Newlands gemeente wat na 95 jaar met JHB-Wes moes saamsmelt om “Kruispad” gemeente te word. Kerk en orrel word verkoop, kerkklok is na Ellisras geneem. Die finansies en die getalle het nie die voortbestaan van die gemeente regverdig nie. Lidmate moet nou ver reis om by die kerk uit te kom, in ‘n gemeenskap waar nie almal voertuie besit nie! Aan die een kant word gemeentes summier toegemaak sonder om die lidmate in ag te neem. Aan die ander kant wil groepies van een tot twintig beslag lê op GHG eiendomme.

1. Die bewering word gemaak dat die NHKA “die saak gewen het” en dat sekere optredes uit hierdie oorwinning

spruit. Dit sluit in die opskorting van enige gebruiksooreenkoms en die uitsluit van ons gemeentes uit sekere ooreengekome fasiliteite. Ons betreur die onchristelike liefdeloosheid van hierdie optrede. Die groter feit is egter die volgende: Die aansoek van die NHKA na die appèlhof was suksesvol. Hulle het daarin geslaag om die hof te oortuig dat die saak weer aangehoor moet word. **<u>Geen saak is gewen nie, die saak begin van meet af</u>** en sal in die toekoms eers bereg word. In terme van die geding bring hierdie proses ons almal terug in 2016. Dit maak enige eensydige optrede wederregtelik en van enige juridiese basis gestroop.

2. Daar spruit nou skielik klein gemeentes op in die omgewings waar daar GHG gemeentes bestaan. Skielik "ontdek" mense veertien jaar na die debakel dat hulle eintlik die NHKA restante gemeentes is. Uit die niet! Dit is in lyn met die vermeende poging wat die NHKA gaan aanwend om langs hierdie misbruik ons eiendom ook te probeer inpalm. NEEM KENNIS. Waarsku vriende en familie daarteen om by so 'n bedrogspul ingetrek te word. Teen die hartseer agtergrond van gemeentes wat moes ontbind weens getalle en finansies, kan hierdie nuwe klein kiem-gemeentes net verstaan word as klandestiene misbruik van mense deur 'n instansie wat hulself kerk noem. Gemeentes wat bewus raak van sodanige aktiwiteite moet onverwyld die regskomitee daarvan in kennis stel.

## HOFSAAK: REGSREKENING

Gemeentes moet bewus wees dat elke gemeente se regsrekening versend is. U word versoek om die rekening so gou doenlik te betaal.

## KENNISGEWINGS

### DRUKWERK

Paul en Ella help graag met:
Kalenders
Kwitansieboeke
Offergaweboeke
Dames Kwitansieboeke
Konsistorieboeke
Reklame-plakkate en ander drukwerk
**ella@teamworkprinters.com**